

25 Maart

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 11:15–19  
Fokusgedeelte: 1 Kronieke 11:17–19

## Ons durf eet en drink

Soms – veral as Nagmaal nader kom – knaag die waarskuwing aan jou dat jy 'n oordeel oor jouself kan eet en drink (1 Kor 11:28, 29). Jy wonder: Durf ek eet en drink?

By geleentheid het Dawid hom in 'n bergskulping bevind. Die Filistyne het Betlehem beset. Dawid het tydens die gevegte verskriklik dors geword. Hy het die versugting uitgespreek om tog net water uit die put in Betlehem se poort te kon drink. Drie van sy manskappe besluit om water tussen al die Filistyne te gaan haal. Toe hulle vir Dawid die water gee, het hy as kryger die gevaar waarin hulle hulself begeef het, besef. Sy reaksie is: "... *ek durf dit nie drink nie*" (1983-vert). Hy giet toe die water as 'n offer vir die Here uit.

Byna onwillekeurig laat hierdie geskiedenis ons aan die Nagmaal dink. Tog hou die Nagmaal veel meer in.

- Dawid se manskappe het hulle lewe gewaag om vir hom water te bring. Christus het sy lewe ter wille van ons afgelê.
- Dawid maak die afleiding: Die water wat hulle bring, is so goed as hulle bloed. Christus het self gesê: *Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is* (1 Kor 11:25).
- Dawid wou nie die water drink nie – hy het dit as 'n offer vir die Here uitgegiet. Christus gee ons opdrag om wél die wyn te drink, terwyl ons dink aan die *offer wat Hy vir ons gebring het*.

Ek en jy sê oor die Nagmaal: "Ek durf eet en drink." Ons sê nie só omdat ons beter is as Dawid en ook soveel só dat ons selfs meer mag eet en drink nie. Ons sê dit omdat ons weet: Deur sy offer aan die kruis het Christus *ons waardig gemaak* om te eet en drink. Ons eet en drink met die voorneme om die leiding van die Heilige Gees in elke faset van ons lewe te volg. Doen ons dit, word ons lewe 'n dankoffer aan ons Here en Koning nadat ons durf eet en drink het.

Sing: Psalm 23:1, 3 (1936)

Ds JH Jordaan (Vereeniging '95)